

Word vervang deur
omsendbrief P.F. 66.

KANTOOR VIR FINANSIËLE INSTELLINGS
Privaatsak X238
PRETORIA
0001

8 Februarie 1983

OMSENDERBRIEF P.F. 58

(Aan alle privaat geadministreerde pensioenfondse en
versekeraars wat pensioenfondse onderskryf)

ARTIKEL 18 VAN DIE WET OP PENSIOENFONDSE, 1956:
FONDS NIE IN 'N GESONDE FINANSIËLE TOESTAND NIE

1. Daar skyn twyfel te bestaan oor wanneer 'n Fonds geag word nie in 'n gesonde finansiële toestand te wees nie en artikel 18 van die Wet dus in werking tree. Fondse word hierby verwittig dat vir doeleindes van artikel 18, 'n Fonds as finansiëel ongesond beskou sal word wanneer 'n aktuariële waardering toon dat die waarde van bestaande bates kleiner is as die waarde van opgelope verpligtinge. Vir hierdie doel beteken "opgelope verpligtinge" -

- (a) die verpligting (soos gemeld in die waarderingsverslag)
ten opsigte van die verstreke diensvoordele van aktiewe lede, met behoorlike voorsiening vir toekomstige salarisverhogings waar dit die voordele ten opsigte van verstreke diens beïnvloed (byvoorbeeld "finale gemiddeldes-kema's") en met behoorlike inagneming van verhogings in pensioene of uitgestelde pensioene - ná aftrede, bedanking, ensovoorts - teen die koerse in die statute van die Fonds bepaal; plus

/...

(b) die verpligting (soos in die waarderingsverslag gemeld)
ten opsigte van pensioene wat betaal word en uitgestelde
pensioene, met behoorlike voorsiening vir verhogings teen
die koerse in die statute van die Fonds bepaal;

- en "die waarde van bestaande bates" beteken die waarde van die Fonds se netto bates soos in die waarderingsverslag bepaal.

2. Hierdie Kantoor is bekommerd oor sekere Fondse wat nie as finansiëel gesond bestempel kan word nie en oor die mate waarin sommige finansiëel ongesond is. Die diskresionêre bevoegdheid ingevolge artikel 29(1) is een wat ek sou verkies om slegs as 'n laaste uitweg aan te wend, maar artikel 18 plaas 'n verantwoordelikheid en plig op hierdie Kantoor wat nie ontduik kan word nie. Fondse word dus versoek om hulle voordele en die finansiering daarvan op 'n wyse te reël wat sal verseker dat hulle nie finansiëel ongesond word nie.

3. Daar word toegegee dat 'n finansiëel gesonde en verantwoordelik bestuurde Fonds van een waardering na die volgende (marginaal) finansiëel ongesond kan raak, al is dit ook net omdat, byvoorbeeld, salarisverhogings wat intussen toegestaan is daardie verhogings waarvoor die waardeerder voorsiening gemaak het, oorskry. Vir die gerief van Fondse, sal 'n befondsingsvlak van ten minste 95% (dit wil sê waar die waarde van bestaande bates gelyk is aan minstens 95% van die waarde van opgelope verpligtinge) normaalweg vir hierdie Kantoor aanneemlik wees. Daarbenewens, waar die befondsingsvlak laer as 95% is, maar die waardeerder 'n skema van spesiale bydraes aanbeveel wat daarop bereken is om

die befondsingsvlak by die volgende statutêre waardering na minstens 95% te verhoog, sal so n skema normaalweg outomaties kwalifiseer vir die goedkeuring wat in artikel 18(2) bedoel word, mits die persoon wat die besigheid van die Fonds bestuur -

- (a) voor aanvang van die skema sertifiseer dat dit, ooreenkomstig die bepalinge van die Fonds se statute, aanvaar is;
- (b) jaarliks daarna sertifiseer dat die bepalinge van die skema nagekom word.

By gebrek aan sodanige sertifisering sal artikel 18 van toepassing wees. Daar word van Fondse verwag om op n deurlopende grondslag ten nouste met hulle aktuariële raadgewers te skakel en indien daar in die loop van n tussenwaarderingsperiode n buitengewone of onverwagte gebeurtenis plaasvind, behoort n Fonds sy waardeerder betyds te raadpleeg - deur selfs n tussentydse waardering aan te vra - ten einde regstellende stappe sonder versuim te doen.

4. Spesiale probleme mag ontstaan -

- (a) waar n nuwe Fonds gestig word en vorige diens as pensioendraend erken word; of
- (b) waar aftree- of ander voordele met terugwerkende krag verhoog word (byvoorbeeld die pensioenfaktor word van $\frac{1}{60}$ na $\frac{1}{50}$ van finale gemiddelde salaris vir elke jaar diens verhoog).

Fondse word aan hulle verpligtinge ingevolge artikel 12(3) van die Wet herinner en aandag word daarop gevestig dat statuutwysigings wat terugwerkende verhogings, soos in (b) hierbo bedoel ten gevolge het, normaalweg vir goedkeuring ingevolge artikel 12(4) oorweeg sal word indien die Fonds 'n aanneemlike befondsingsvlak bereik het.


Wanneer groot bykomende verpligtinge van die soorte in (a) of (b) hierbo genoem, oorweeg word, moet die aktuariële sertifikate wat deur artikels 4(2) en 12(3) vereis word, 'n skema van spesiale bydraes insluit wat daarop bereken is om die befondsingsvlak tot minstens 95% te verhoog binne 'n tydverloop wat nie 10 jaar of drie opeenvolgende statutêre tussenwaarderingsperiodes, welke tydperk ookal die kortste is, oorskry nie. Weereens sal sodanige skema normaalweg outomaties kwalifiseer vir die goedkeuring wat in artikel 18(2) bedoel word, mits die persoon wat die besigheid van die Fonds bestuur dieselfde sertifikate verstrek as wat in paragraaf 3 hierbo beoog word. By gebrek aan sodanige sertifisering sal artikel 18 van toepassing wees. Ook hier behoort Fondse in noue voeling met hulle aktuariële raadgewers te bly en, waar nodig, terugwerkende verpligtinge te skep slegs in stadiums wat hulle kan bekostig om binne die vereiste periodes te befonds.

5. Die prosedures wat in paragrafe 3 en 4 hierbo uiteengesit is, is bedoel as 'n administratiewe gerief om onderskeidelik klein, onopsetlike ervaringstekorte en groter terugwerkende bykomende verpligtinge op 'n standaard en vaartbelynde wyse te akkommodeer.

Tekorte wat nie op genoemde wyses hanteer kan word nie, sal op individuele grondslag ooreenkomstig artikel 18 behandel word. Fondse moet in gedagte hou dat waar vaste pensioen beloftes met toestemming van die werkgewer aan lede (deur die statute) gemaak is, 'n tekort in die fonds wat as gevolg van sodanige belofte ontstaan, as 'n lening aan die werkgewer geag sal word en teen die agtergrond van artikels 19(4) en 19(6) oorweeg sal word.

6. 'n Afskrif van hierdie omsendbrief is aan die waardeerder gestuur.

7. Geliewe ontvangs van hierdie omsendbrief te erken deur die aangehegte ontvangserkenningsvorm te onderteken en dit aan hierdie Kantoor terug te stuur.


REGISTRATEUR VAN PENSIOENFONDSE

/MEF